

## **Sing vooraf staande: Psalm 18:10**

-10-

*Die HEER het my, trots hul geweld, / na my geregtigheid vergeld;  
en na die reinheid van my hand / doen Hy sy woord aan my gestand.  
Ek het nie, aan sy stem ontrou, / sy pad verlaat, aan hul gelyk,  
wat goddelooslik af wou wyk, / maar het my aan sy spoor gehou.*

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 48:4

4-

*Ons wil, o HEER, wat redding skenk, / aan al u goedheid bly gedenk  
as ons tesaam is in u woning. / Net soos u Naam is, grote Koning,  
so is u glansverskyning: / die vyand se verdwyning  
word aan die volkere bekend / tot by die aard' se verste end.  
U hand wat nooit die kwaad gedoog, / rys vol geregtigheid omhoog.*

Geloofsbelydenis Apostolicum

Wet

Na die wet sing ons Psalm 51:3

-3-

*Dis nie dié sonde alleen wat roep om straf: / ek is in ongeregtigheid gebore,  
en lê voor U in doemskuld gans verlore / al van die uur van my ontvang'nis af.  
U eis is waarheid in my binnenst', HEER; / en ek is tot my wesensgrond toe skuldig!  
Daal af in my verborge diepte en leer / my daar u wysheid, diep en menigvuldig.*

Gebed

Psalm 89:6

6-

*Hoe salig is die volg wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.*

Skriflesing: Romeine 14.

Teks: Romeine 14:17; Kategismus Sondag 29 en 30

**Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.**

Die koninkryk van die Vader is nie van hierdie wêreld nie. Hoe kan ons dan die koninkryk van God bou in hierdie wêreld, terwyl ons net die dinge van hierdie wêreld tot ons beskikking het?

- Die Skrif leer ons dat dit nie bestaan in spys en drank nie, maar in geregtigheid in Jesus Christus en in vrede met God en in die blydskap wat ons kry in die gemeenskap met die Heilige Gees.
- Prakties is dit presies dieselfde as wanneer ons aan Jesus Christus gehoorsaam is en ons onderwerp aan die leiding van die Heilige Gees.

Ons is baie keer so aan die uiterlike verknog - die dinge wat ons kan sien. Nou skryf die apostel hier dat die koninkryk nie bestaan in die gebruik van, of in die onthouding van, voedsel en drank nie.

Dit was so onder die Ou Testament.

- Toe moes hulle sekere dinge gedoen het, en ander dinge weer nagelaat het.
- Dit het so gebly totdat die Here Jesus Christus gekom het. Toe het alles verander.
- Die uiterlike het verval. Lees maar in hierdie verband Hebreërs 9 : 20. Daar staan dat Jesus die ou wet kom volbring het en 'n tabernakel kom oprig het wat nie van hierdie wêreld is nie.

Daarom is dit so gevaarlik om die diens van die Here afhanklik te maak van die dinge of vorms wat nie die wese van die saak raak nie.

- Dit help nie om net by die buitekant te bly vassteek nie.
- Soos die Here Jesus Christus dit gestel het: dit help nie om net die buitekant van die beker te was nie.

Die diep binnekant van ons godsdiens is die ding wat werklik tel.

- Daarom word dinge soos kos en dinge wat ons drink hier by voorbaat weggelaat, en groot sake soos geregtigheid en vrede en blydskap in die plek daarvan gestel.

Dit gaan met die Nagmaal nou presies net so.

- Dis nie die spys en die drank wat die Nagmaal maak nie, maar die gebruik hiervan in die geregtigheid van die Here Jesus Christus, sodat dit ons kan leer van die vrede en blydskap van die Here Jesus Christus.

Die Kategismus van ons is mos geskryf nadat ons Protestante weggebreek het uit die Roomse Kerk. Daarom behandel die Kategismus die Roomse dwaling so breedvoerig.

- Die Roomse Kerk verander die wese van die Nagmaal heeltemal - die Nagmaal is nie vir hulle meer 'n simbool nie.
- Elke Nagmaalsviering is vir hulle 'n herhaling van die werklikheid.
  - Hulle kruisig Christus as't ware weer van voor af.
  - Die brood en die wyn is die werklike liggaam en bloed van die Here Jesus Christus.
  - Dis nie vir hulle simbole soos vir ons nie.

Natuurlik bots hierdie beskouing met die Skrif.

- Ons glo aan die hand van die Bybel dat die brood en die wyn die simbole is van Christus se liggaam en bloed.
- Verder glo ons dat God ons met hierdie simbole van die werklikheid verseker.

Ons bely en glo ook dat die Here Jesus Christus net eenmaal gesterf het aan die kruis.

- Daarna het Hy na die hemel toe weggevaar, waar Hy nou nog is.
- Daarteenoor leer die mis dat Christus elke Nagmaal weer geoffer word.

Ons glo volgens die Bybel dat die Here Jesus Christus se liggaam verheerlik is.

- Daarom is dit onmoontlik dat die liggaam van die Here Jesus Christus deur die Nagmaal aan die wil of die mag van 'n mens onderwerp kan wees.
- Met ander woorde, ek of niemand kan die liggaam van die Here Jesus Christus weer offer nie. Ook nie eet nie.

Verder is dit ook so dat elke teken wat die Here Jesus Christus gedoen het, onmiddellik sigbaar was.

- Die water wat by Kana in wyn verander is, kon onmiddellik as wyn gesien en gedrink word.
- Waarom bly die brood en wyn dan soos hulle is - as dit sou waar wees dat hulle die werklike bloed en vlees van die Here Jesus Christus is?

Die Here gee ons in die sakramente slegs die tekens van die saak wat daarby betrokke is.

- So is die besnydenis slegs die teken van die verbond.
- Die besnydenis het geen krag of mag in homself nie. In Genesis 17:11 staan die woorde:  
**Julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word, en dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en julle.**

Net so was die Pasga se viering nie elke keer 'n uittog uit Egipte nie, maar net 'n herinnering en 'n simbool van die verlossing wat die Here daar bewerk het.

- Presies so is die doop ook nie saligmakend nie - dit is slegs die simbool van die afwassing van sondes.
- Daarom is die Nagmaal ook net die teken en seël van die Here Jesus Christus se liggaam wat vir ons verbreek is en bloed wat vir ons gestort is.

Ons leer dat die sakramente daar is om ons te versterk en te onderrig. Die vraag is: Waarvan moet dit ons leer?

- Dit leer ons so: brood en wyn is die dinge wat die lewe onderhou.
- Dit was voedsel en drank wat die Jode gereeld geëet en gedrink het.

By elke feesmaal is hierdie twee dinge genuttig.

- Daarom word hulle gebruik om aan ons te leer dat Christus se kruisverdienste, waar sy liggaam gekruisig en sy bloed vergiet is, die waaragtige spys en drank vir ons siele is.
- Dit is die enigste manier waardeur ons siele kan lewe tot in ewigheid. Om gevoed te word met die verlossingswerk van Jesus Christus.
- Hierdie twee elemente word gebruik omdat hulle duidelik en verstaanbaar is vir ons almal, en omdat hulle die groot waarhede van ons verlossing preek en ons daardeur vertroos.

Ons leer deur die Nagmaal dat ons gemeenskap het met Christus. Dit is gemeenskap op twee maniere.

- Die eerste een is die genot van ons gees om geestelik met die geestelike liggaam en bloed van Christus gemeenskap te hê.
  - Dis tog immers waarvan ons verseker word deur die tekens van die brood en die wyn.
  - Deur die gebruik van die simbole by die Nagmaal kry ons dan geestelike gemeenskap met God.
- Die tweede vorm van gemeenskap is dat ons deur die Nagmaalsviering daarvan verseker word dat ons deel het aan die lyde en gehoorsaamheid van Christus.

Die Nagmaal verseker ons dat die liggaam en bloed van Christus vir ons verbreek en gestort is, want Hy was heilig.

- Hy het nie straf nodig gehad nie.
- Ons lees mos in die Bybel dat Hy aan sy broers in alle opsigte gelyk was, uitgesonderd die sonde.

Die Here Jesus Christus was dus sonder sonde of oortreding by die Vader.

- Daarom is Hy juis in ons plek gehoorsaam sodat ons verlos kan word van die hel.
- Die Here Jesus Christus doen hierdie werk so volkome vir ons dat dit by die Vader tel asof onself die gehoorsaamheid aan Hom volbring het.

*Wat kry ons as gelowiges dan eintlik by die Nagmaal? Geestelike voedsel vir die ewige lewe. Dit is wat in die teksvers beskryf word: geregtigheid en vrede en blydschap in die Heilige Gees.*

**Geregtigheid:** Dit bestaan daarin dat die verdienste van Christus so ons eie is, asof ons in eie persoon gely het, en persoonlik voor die Vader ons sondes voldaan het.

Hierdie geregtigheid van Christus waaraan ons deel verkry, borg ons geregtigheid volkome.

- Dis nou baie meer as dat ons regverdig optree tydens ons lewe omdat ons glo.

- Die draagwydte daarvan oorskry die grense van hierdie lewe. Dit laat ons ook regverdig wees voor God, sodat ons nie saam met die onregverdiges verwerp word nie.
- Met ander woorde, die geregtigheid van die Here Jesus Christus laat ons in die lewe duskant en anderkant die graf regverdig voor God wees.

Noodwendig moet dit dan 'n invloed hê op ons lewens.

- Die regverdigheid van die Here Jesus Christus is so kragtig dat dit na buite toe uitgeleef moet word in jou optrede.
- En dan tereg daarin dat alles wat ons doen, regverdig is – of ten minste behoort te wees.

Dit veronderstel dat jy as 'n gelowige nie met leuens mag lewe nie. Met ander woorde, regverdig.

- Dit veronderstel dat jy wat verlos is in die Here Jesus Christus, reg moet optree teenoor alle mense wat jy in jou lewe ontmoet – jou meerderes en jou minderes.
- Want die gelowiges en die ongelowiges onder hierdie mense met wie jy verkeer moet kan sien dat jy altyddeur die reg van die Here handhaaf.

Hierdie regverdigheid kom dan ook in ons godsdiens tot uiting.

- Gee aan God wat Hom toekom.
- Op geestelike gebied en op die gebied van die materiële.
- Ons mag nie die reg van God beskaam met die onreg van ongehoorsaamheid nie.

Hierdie geregtigheid wat ons by die Here Jesus Christus kry, is 'n geregtigheid wat saamsmelt met genade.

- Ons kry immers die regverdigheid van Christus uit genade van God.
- Daarom moet die genade ook 'n kenmerk van ons lewens en ons geregtigheid wees.

**Die tweede eienskap is vrede.** Lewensvrede. Vrede met God. Vrede met ons naaste. En vrede met onself.

Ons is dikwels ons eie vyande.

- Ons veg met onself en ons dryf onself in die lewe, en later dan blyk dit dat alles 'n gejaag na wind was.
- Om met die diep vrede te lewe dat ek in alle omstandighede aan die Here behoort, is iets anders.
  - Dit is maar 'n klein beginsel van die geluk en die vrede wat ons in die hemel sal ervaar.
  - Paulus noem dit die vrede wat alle verstand te bowe gaan.

**Die derde eienskap is blydskap:** dit is ook anders as aardse vreugde.

- Dit sluit nie aardse vreugde uit nie, natuurlik nie, maar dit is heelwat meer as dit. Dit is die blydskap in die hemel wat by God eindig.

- Dit is die dinge wat ons deur die Nagmaal ontvang en wat ons siele voed vir die ewige lewe.

Daar is meer as net hierdie drie. Maar aan die hand van die teks is net die drie genoem om aan te toon dat die godsdiens nie net uiterlik is nie.

- Dit gaan om dit waarvan ons verseker word deur die Nagmaal, en nie net oor brood en wyn nie.
- As ons dan weer Nagmaal vier, laat ons dit so verstaan en God dank dat ons die koninkryk van God beërf.

Kom ons lees saam wat daar in die Heidelbergse Kategismus hiervan geskryf staan in Sondag 29 en 30:

***Vraag 78: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?***

***Antwoord:*** (a) Nee, maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan (b), so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self nie (c). Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem (d).

(a) Matt 26:29. (b) Ef 5:26; Tit 3:5. (c) 1 Kor 10:16; 11:26. (d) Gen 17:10, 11; Eks 12:11, 13; 13:9; 1 Pet 3:21; 1 Kor 10:3, 4.

***Vraag 79: Waarom noem Christus dan die brood sy liggaam en die beker sy bloed of die nuwe Testament in sy bloed en waarom noem Paulus dit die gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus?***

***Antwoord:*** Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe (a). Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b). Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.

(a) Joh 6:55. (b) 1 Kor 10:16.

***Vraag 80: Wat is die onderskeid tussen die nagmaal van die Here en die Roomse mis?***

***Antwoord:*** Die nagmaal betuig aan ons dat ons volkome vergewing van al ons sondes het, ter wille van die enige offer van Jesus Christus wat Hy self eens en vir altyd aan die kruis volbring het (a), en dat ons deur die Heilige Gees in Christus ingelyf word (b), wat nou na sy menslike natuur in die hemel aan die regterhand van die Vader (c) is en daar deur ons aanbid wil word (d). Die Roomse mis, daarenteen, leer dat die lewendes en die gestorwenes nie deur die lyding van

*Christus vergewing van sondes het nie, tensy Christus nog daagliks vir hulle deur die priesters geoffer word. Verder dat Christus liggaamlik in die brood en wyn aanwesig is en derhalwe daarin aanbid moet word. Die mis is dus in wese niks anders nie as 'n verloëning van die enige offer en lyding van Jesus Christus en 'n afgodery wat vervloek is (e).*

*(a) Heb 10:10, 12; 7:26, 27; 9:12, 25; Joh 19:30; Matt 26:28; Luk 22:19. (b) 1 Kor 10:16, 17; 6:17. (c) Joh 20:17; Kol 3:1; Heb 1:3; 8:1. (d) Matt 6:20, 21; Joh 4:21; Luk 24:52; Hand 7:55; Kol 3:1; Fil 3:20; 1 Tess 1:10. (e) Heb 9:26; 10:12, 14.*

**Vraag 81: Wie moet na die nagmaalstafel van die Here kom?**

**Antwoord:** *Hulle wat vanweë hulle sondes 'n afkeer van hulleself het, maar tog vertrou dat dit hulle om Christus wil vergewe is en dat die swakhede wat nog oor is, met sy lyding en sterwe bedek is; en die wat ook begeer om hulle geloof hoe langer hoe meer te versterk en hulle lewe te verbeter. Maar die huigelaars en die wat hulle nie van harte tot God bekeer nie, eet en drink 'n veroordeling oor hulleself (a).*

*(a) 1 Kor 11:28; 10:19-22.*

**Vraag 82: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?**

**Antwoord:** *Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek (a). Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.*

*(a) 1 Kor 11:20, 34; Jes 1:11; 66:3; Jer 7:21; Ps 50:16.*

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 98:1

-1-

*Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte en ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.*

*Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;*

*geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale oor berg en veld.*

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 30 September 2012